



Die gebruik van buffers in hoë kragvoer-rantsoene

Deur: Ewie Coetzee (Pr.Sci.Nat, Feedtek)

Aangesien die wêreldbevolking toeneem terwyl die oppervlakte vir landbouproduksie afneem, word toenemend gepoog om produksie per dier te verhoog. Herkouers is reeds baie jare lank nie meer in staat om voldoende voedingstowwe vanuit die vertering van hoofsaaklik ruvoer, vir hierdie geweldige hoë peile van produksie te voorsien nie. Die gevolg is dat hierdie diere rantsoene met al hoër vlakke van kragvoer ontvang.

Wanneer herkouters nie geleidelik aangepas word by hoë kragvoer-rantsoene nie, veroorsaak dit 'n oormatige produksie van sure deur die mikrobies in die rumen. Die pH van die rumen daal van die normale pH van bokant 6.2 na so laag as 5.2. Dit het tot gevolg dat groot getalle van die gunstige bakterieë afsterf en groot getalle ongunstige bakterieë geproduseer word, wat die situasie net verder vererger. Dit



is veral bakterieë wat melksuur ('n sterk suur in die konteks van die rumenomgewing) produseer wat 'n groot probleem veroorsaak.

Namate die gunstige bakterieë se getalle afneem, verloor die dier die vermoë om ruvoer te verteer, dus neem voerinname skerp af omrede die ruvoer nie meer vanuit die rumen verwyder word nie. Daar is ook ander tekens dat diere suurpens het behalwe 'n skielike afname in voerinname, naamlik die aansameling van vog in die rumen (rumen vertoon geswel), diere het diarree wat baie sleg ruik, diere beweeg rukkerig met stywe bene en hulle haal vinnig asem.

Buiten 'n wesenlike gevaar van vrektes hou suurpens baie ander nadele in, waarvan 'n verlies aan produksie die belangrikste is. Suurpens rig ook langtermynskade aan die rumenwand aan, wat permanente verswakte produksie tot gevolg het, al het die dier volkome herstel van die oorspronklike probleem. Bakterieë kan ook makliker deur die beskadigde rumenwand beweeg en belangrike organe soos die lewer en die longe van die dier aantast en beskadig.

Suurpens kan op verskeie maniere voorkom word, waarvan die heel belangrikste is om diere geleidelik op hoëkragvoerrantsoene aan te pas. Dit kan gedoen word deur diere op baie lae vlakke van kragvoer te begin voer en daaglik volgens 'n beheerde program

die kragvoer te vermeerder. Kontak gerus u Feedtek voedingskundige vir 'n doelgemaakte aanpassingsprogram vir u stelsel.

Tesame met korrekte aanpassing is die boer se tweede linie van verdediging die insluiting van buffers in die voer. Buffers is natuurlike of chemiese middels wat die pH kan reguleer. Daar is verskeie buffers beskikbaar wat in die voer ingesluit kan word, waarvan chemiese middels soos koeksoda en natuurlike produkte soos Acid Buf (Reg. no. V16463; Wet 36/1947) die bekendste is. Dit is belangrik om kennis te neem dat voerkalk nie 'n effektiewe buffer in die rumen is nie. Verskillende buffers verskil ten opsigte van hoe vinnig hulle werk; party werk letterlik binne minute, terwyl ander weer oor die verloop van 'n paar uur hulle werk doen. Daarom is dit baie voordelig om 'n kombinasie van buffers in te sluit vir die doeltreffendste



regulering van die rumen-pH oor 'n tydperk.

Omrede dit arbeidsintensief is om klein hoeveelhede van verskillende buffers af te weeg, is Feedtek Buffer Pak (Reg. no. V27811) saamgestel. Dit is 'n gerieflike, klaargemengde pakkie wat bestaan uit 'n kombinasie van vinnig werkende (chemiese) en stadig werkende (natuurlike) buffers.

Kontak gerus u naaste Feedtek verteenwoordiger by 086 111 5362 of info@feedtek.co.za vir enige navrae.





Buffer Pak

Langwerkende rumen buffer vir hoë kragvoer diëte
(Reg. No. V27811)






SLEUTEL VOORDELE

- ✓ Buffer alle hoë kragvoer diëte effektief teen rumen asidose!
- ✓ Buffer by rumen pH 2 tot 3 maal meer suur en tot 4 maal langer as koeksoda
- ✓ Bevat 'n kombinasie van rumen buffers in 'n klaargemengde pak
- ✓ Bevat Acid Buf, 'n langwerkende rumen buffer afkomstig vanaf gekalsifiseerde see alge

Sustainable Animal Nutritional Solutions

Skakel: 086 111 5362
E-pos: info@feedtek.co.za
www.feedtek.co.za

Met trots vervaardig deur:



